# Q&A

*Mattot & Massei*

# MIDRASH VRAE



www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Númeri 30:2–36:13
**Haftarah:** Jer 1:1-2:3; Jer 3:4–4:2
**B'rit Hadashah:** Fil 3:12-16; Jak 4:1-12; Mat 5:33-37; Luk 13:1-9; Han 5:1-11; Gal 5:19-23; Kol 3:5–8

1. Waarom laat Abba Vader toe dat 'n man of vader die gelofte van 'n vrou ongeldig mag maak? Is dit nie teen haar vrye wil nie?
2. Hoe is 'n gelofte anders as 'n alledaagse gebed of versoek tot Abba Vader?
3. Hoe weerspieël Abba Vader se voorskrifte oor geloftes iets van Sy karakter?
4. Hoe bou Yeshua se lering in Matteus 5:33–37 voort op wat ons in Numeri 30 leer oor geloftes en eedaflegging?
5. Watter laaste opdrag het Moses van Abba Vader ontvang? Wat was die doel daarmee, en wat wys dit vir ons van Abba Vader se regverdige karakter?
6. Wat leer Moses se reaksie teenoor die leër (oor die spaar van die vroue) ons oor die geestelike risiko's van om Abba Vader se opdragte net gedeeltelik uit te voer?
7. Hoe getuig die getal verliese aan Israel se kant ná die oorlog van Abba Vader se karakter?
8. Wat was die doel daarvan dat Israel 'n gedeelte van die oorwinningsbuit vir Abba Vader moes gee, en wat leer dit ons oor Sy eienaarskap van alles wat ons het?

9. Numeri 31 wys geestelik hoe Yeshua as Oorwinnaar, Regter, Priester en Heiligmaker in ons lewens werk. Wat beteken dit prakties vir ons vandag, en hoe roep Yeshua ons om daarop te reageer?

10. Waarom het Ruben en Gad die stuk grond oos van die Jordaan verkies, en hoe kon dit hulle verhouding met die ander stamme beïnvloed?

11. Waarom het Moses so ernstig gereageer op die versoek van Ruben en Gad, en wat kan ons geestelik daaruit leer? Wat sê dit vir die kerk vandag?

12. Hoe dien die reislys in Numeri 33 as ’n geestelike padkaart, en nie bloot ’n opsomming van hulle roete nie?

13. Hoe kan ons vandag die boodskap van Numeri 33 toepas op ons eie lewensreis?

14. **a.** Watter geestelike waarde lê daarin dat Abba Vader self die landgrense (Israel) vir Sy volk vasgestel het in Numeri 34?
**b.** Waarom dink jy is daar steeds stryd oor die land wat Abba Vader aan Israel belowe het?

15. Wat is die geestelike of praktiese betekenis daarvan dat die toevlugstede binne die stede van die Leviete was, volgens Numeri 35?

16. Wat volgens jou in Numeri 35 gee vir ons ’n prentjie van wat Yeshua kom doen het vir ons?

17. Waarom was dit so belangrik dat elke stam in Israel hul grond as ’n ewige erfenis moes behou?

18. Wat dink jy het die Torah-gedeelte (Numeri 30:2 – 36:13) en die Haftarah-gedeelte (Jeremia 1:1 – 2:3; 3:4 – 4:2) in gemeen?

19. Wat dink jy beteken dit dat Jakobus sê in Jakobus 4:4: “Wie dan ’n vriend van die wêreld wil wees, word ’n vyand van God” – en hoe sluit dit aan by ons Torah-gedeelte vir die week?

20. Wat dink jy leer ons oor Yeshua as ons Bruidegom in die laaste Torah-gedeelte van Numeri (30:2 – 36:13)?